higher education & training

Department:
Higher Education and Training
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

NASIENRIGLYN

NASIONALE SERTIFIKAAT (BEROEPSGERIG)

TOERISMEWETENSKAP
NKR VLAK 2

8 Desember 2020

Hierdie nasienriglyn bestaan uit 8 bladsye.

Kopiereg voorbehou

VRAAG 1

1.1 Erfenis verwys na al die dinge wat die vorige geslagte vir ons nagelaat het en definieer wie ons is. (2)

1.2 UNESCO✓ Verenigde Nasies Opvoedkundige, Wetenskaplike en Kulturele Organisasie✓ (2)

1.3 Robbeneiland (1)

1.4 KwaZulu-Natal (1)

1.5 Onwaar.✓ Die paar het vanaf Brittanje na Suid-Afrika gekom, dus is hulle internasionale toeriste.✓✓ (1 + 2) (3)

1.6.1 Voordele:
- Inkomstegenereerder: Toeriste bestee geld in die plaaslike gemeenskap vir dienste gelewer.
- Ekonomiese ontwikkeling: Toeriste bring buitelandse geldeenheid die land binne, wat dan gebruik word om die gebied, infrastruktuur ens. te ontwikkel.
- Werkverskaffing: Hoe meer toeriste na ’n land reis, hoe meer werksgeleenthede word geskep. (3 × 1) (3)

1.6.2 Nadele:
- Oorafhanklikheid van toerisme: Die plaaslike gemeenskap kan te veel afhanklik raak van toerisme.
- Inflasie van grondwaarde: Pryse word verhoog om vir toeriste voorsiening te maak.
- Geleentheidskoste: Menslike, natuurlike en finansiële hulpbronne kon beter benut word in ander bedrywe. (3 × 1) (3)

1.7
- Internet
- E-pos advertering
- Reisagentskap se gerekenariseerde databasisse
- Media: Televisie/Radio
- Hotelgidse
- Brosjures
- Tydskrifte
- Koerante
- Strooibiljette
- GSA (Enige relevante 4 × 1) (4)

1.8 Hulle wil Suid-Afrika se erfenis ervaar. (1)

1.9
- Uitstekende waarde vir geld
- Veilige omgewing
- Verwelkomende en vriendelike mense
- ’n Egte reiservaring
- Bied rus en ontspanne ervaring
- Maklike en toeganklike vervoer
- Uitstekende reis deur die hele jaar
- Natuurlike-wildlewe-ervaring
- Ryk in kultuur en geskiedenis (Enige relevante 4 × 1) (4)

Kopiereg voorbehou

1.10
- Lugbesoedeling ✓ wat veroorsaak word deur emissies van straalvliegtuie, busse se enjins en motorvoertuie✓
- Geraasbesoedeling✓ wat veroorsaak word deur toeriste in nagklubs of ander lawaaierige aktiwiteite✓
- Waterbesoedeling✓ wat veroorsaak word deur vullis op strande, piekniekterreine en riviere te stort✓ (3 × 2) (6)

1.11
- Stel plekke voor om te besoek
- Stel aktiwiteite voor om by die geïdentifiseerde bestemmings te doen
- Identifiseer vervoer en verblyf wat hulle begroting pas
- Verskaf kliënte van inligting oor spesifieke plekke
- Stel alternatiewe opsies voor wat die paar kan oorweeg (5 × 2) (10)

[40]

VRAAG 2

2.1
2.1.1 F
2.1.2 A
2.1.3 C
2.1.4 E
2.1.5 G (5 × 2) (10)

2.2 2.2.1
- Akkommodasie
- Vervoer
- Dienste (3)

2.2.2
- Akkommodasie: City Lodge V&A Waterfront
- Vervoer: SAA vlug, Avis motorhuur
- Dienste: Toegangskaartjies tot attraksies (3)

2.2.3 (a) Die ontvangsdame was onvriendelik✓ en onbehulpsaam.✓ (2 × 1) (2)

(b)
- Kliënte sal nie terugkom vir herhaalverkope nie.
- Kliënte sal nie die hotel aan vriende en familie aanbeveel nie.
- Dit sal lei tot ’n verlies aan besigheid.
- Dit sal ook lei tot ’n verlies aan inkomste.
- Dit sal daartoe lei dat personeel hulle werk verloor.

(Enige relevante 4 ×1) (4)

(c)
- Voorste linie (front of house)
- Akkommodasiedienste
- Voedsel- en drankiedienste
- Voedselvoorbereiding (4)

(d)
- Algemene misdaad
- Geweld soos opstande of gewapende roof
- Probleme in buurlande
- Internasionale politieke toestande
- Diensreputasies
- Waarde van die rand
- Natuurrampe soos vloede
- Weerstoestande wat kan veroorsaak dat gasvryheidsdienste ’n lae seisoen ervaar (Enige 4 × 1) (4)

(e)
- Memo:✓ Die ontvangsdame stuur ’n memo aan alle personeel in alle afdelings.✓
- Aankoms- en vertreklyste:✓ Hierdie lyste word ’n dag vooruit opgestel en toon al die gaste aan wat gaan arriveer. Dit word aan huishouding, portiere, gastebediening en kombuispersoneel gegee.✓
- Gaste-/Huislyste:✓ Hierdie lyste word opgestel en na alle afdelings versprei.✓
- Departementele kennisgewings:✓ Wanneer ’n gas van kamer verwissel, moet alle afdelings in kennis gestel word.✓
- Funksie/Toerlys/Tien-dae vooruitskatting:✓ Dit sluit lyste van funksies in wat 10 dae vooruit bespreek is.✓ (5 × 2) (10)

[40]

VRAAG 3

3.1 Natuurlike attraksies kom in ’n natuurlike omgewing voor en is in die natuur gevorm. Mensgemaakte attraksies word vir ’n spesifieke rede deur mense gebou. (2 + 2) (4)

3.2
3.2.1 Sosiokultureel
3.2.2 Natuurlik
3.2.3 Sosiokultureel
3.2.4 Mensgemaak
3.2.5 Natuurlik (5 × 2) (10)

3.3 3.3.1 ’n Groothandelaar is ook bekend as ’n toeroperateur. Groothandelaars koop produkte of dienste van verskaffers en kombineer dit om as ’n pakket te verkoop. (2)

3.3.2 Inkomende toeroperateurs spesialiseer daarin om toeriste na ’n gasheerland te bring. Uitgaande toeroperateurs spesialiseer daarin om toeriste van die gasheerland na internasionale bestemmings te stuur. (2 + 2) (4)

3.4 3.4.1 Kaapse Blommestreek
3.4.2 Wieg van die Mensdom
3.4.3 uKhahlamba Drakensbergpark
3.4.4 Vredefortkoepel
3.4.5 Mapungubwe Kulturele Landskap
3.4.6 Robbeneiland

(6 × 1) (6)

3.5 3.5.1 Advertering en om kliënte te oortuig om jou produk of diens te koop.

3.5.2 Om die mark in kleiner segmente met soortgelyke kenmerke te verdeel.

(2 × 2) (4)

3.6
- Toerisme-agentskappe is maatskappye wat inligting aangaande verskillende plekke, bv. toeroperateurs verskaf.
- Toerismesentrums is geleë by spesifieke toerisme-attraksies en verskaf inligting oor spesifieke fasiliteite.
- Inligtingsentrums in verskillende dorpe of stede verskaf inligting oor plaaslike akkommodasie-opsies en attraksies.
- Kiosks en kurio-winkels verkoop plaaslike aandenkings, maar bied ook plaaslike kaarte en brosjures aan. (Enige 3 × 2) (6)

3.7
- Beter begrip van die behoeftes van die groep.
- Verskaf ’n produk of diens om aan die behoeftes van die groep te voldoen.
- Deur aan die behoeftes van die groep te voldoen, sal herhaalverkope verseker word.
- Om die besigheid uit te brei en wins te maak. (4 × 1) (4)

[40]

VRAAG 4

4.1 4.1.1 Bekendstellingsfase
Rede: Peter het onlangs sy eie vervoermaatskappy begin. (1 + 2) (3)

4.1.2
- Groei
- Volwassenheid
- Afname
- Versadiging (4)

4.1.3
- Groeifase: Meer kliënte is bewus van jou produk/diens.
- Volwassenheid: Die produk/diens is bekend in die mark.
- Afname: Daar is ’n styging in kompetisie en minder kliënte gebruik jou produk/diens.
- Versadiging: Daar is ’n styging in mededingers en nuwe belangstelling moet geskep word om verhoogde verkope te lok.

(4 × 2) (8)

4.2 4.2.1 Openbare verskaffers behels dienste en ondersteuningstelsels wat deur regeringsbeheerde fasiliteite voorsien word. Private verskaffers behels dienste en ondersteuningstelsels wat deur individue of maatskappye in privaat besit voorsien word. (2 + 2) (4)

4.2.2
- Openbare: OR Tambo Internasionale Lughawe,✓ Departement van Binnelandse Sake✓
- Private: MDS VisaPak,✓ Sunset Gastehuis✓ (2 + 2) (4)

4.3 4.3.1 Outomobiel-Assosiasie
4.3.2 Gastehuis Akkommodasie van Suidelike Afrika
4.3.3 Toerisme-besigheidsraad van Suid-Afrika
4.3.4 Federated Hospitality Association of Southern Africa
4.3.5 Siviele Lugvaart-owerheid (5 × 1) (5)

4.4 4.4.1
- Fasilitering en implementering van toerismebeleide.
- Koördinering van toerisme-ontwikkelingsplanne en aksies van alle geïnteresseerde partye
- Beplanning en opstel van beleide op nasionale, streeks- en plaaslike vlakke van toerisme.
- Regulering en monitering van die bestaande strategieë en planne vir toerisme-ontwikkeling.
- Ontwikkeling van die bevordering van toerisme insluitend alle toerismebestemmings, -kommunikasies en groot projekte.

(Enige 3 × 2) (6)

4.4.2
- Verhoging van internasionale toeristegetalle.
- Verhoging in uitvoerverdienste.
- Om provinsies te help om hulle te bemark.
- Bevordering van ’n nasionale kultuur en omgewingsbewustheid.
- Ontwikkeling en bevordering van ’n unieke Afrika-ervaring.
- Om besoekers ’n kwaliteit-ervaring te bied.
- Om nou saam met alle rolspelers in die toerismebedryf te werk.
- Om Suid-Afrika as ’n toerismenaaf te bevorder. (Enige 3 × 2) (6)

[40]

Kopiereg voorbehou

VRAAG 5

5.1
- Natuurbegeleiding✓ wat toere na strande, voetslaanpaaie, natuurreservate, botaniese tuine, ens. insluit.✓
- Kulturele begeleiding✓ wat storievertelling, township toere, besoeke aan sjebeens, museums of kulturele gebiede, ens. insluit.✓
- Avontuurbegeleiding✓ wat ski, riviervlotvaarte, bergklim, rekspronge, ens. insluit.✓ (3 × 2) (6)

5.2
- Ontmoet die toergroep.
- Neem die groep op ’n toer en verduidelik al die kenmerke van die bestemming.
- Verskaf ekstra inligting oor die omliggende gebied aan die groep.
- Help die groep met bykomende besprekings.
- Sien die groep aan die einde van die toer af. (Enige 4 × 1) (4)

5.3
- Dryf die toerismebedryf in die provinsie.
- Ontwikkeling van toerisme-fasiliteite.
- Skakeling met die DEAT oor nasionale beleide en wetgewing.
- Handhawing van toerismefasiliteite in die provinsie. (4)

5.4
- Besoek familie en vriende
- Vakansie
- Woon sakevergaderings, uitstallings of konferensies by
- Studie
- Godsdiens- of kulturele redes
- Gesondheidsredes (Enige relevante 4 × 1) (4)

5.5 Marksegmentering verseker dat die besigheid die begeertes en behoeftes van die kliënt beter verstaan.✓ Kliënte sal ontvang wat hulle wil hê en nodig het.✓ (2 × 1) (2)

5.6 Groot-begroting toeriste kies duurder komponente ✓ vir hulle vakansie en verwag waarde vir hulle geld.✓ Klein-begroting toeriste verkies om op ’n lae begroting te reis✓ en sal nie duur opsies en komponente vir hulle vakansie kies nie. Hulle verwagtings aangaande fasiliteite en dienste is laer.✓ (2 + 2) (4)

5.7
- Koerante
- Departement van Arbeid
- Personeelwerwingsagentskappe
- Vakante-kennisgewingsborde
- Loopbaaninligtingsentrums
- Regeringsdepartemente
- Vriende en familie
- Internet (Enige 4 × 1) (4)

5.8 Bewaring behels om die omgewing te versorg ✓ en natuurlike ekosisteme en habitatte te bestudeer.✓ (2)

5.9
- Moet dit geniet om met mense te werk
- Goeie organisasievaardighede
- Goeie kommunikasievaardighede
- Aanleg vir syfers
- Vlot Engels kan praat
- Goeie algemene kennis van die land
- Kennis van die attraksie of gebied waar hy/sy werk (Enige relevante 5 × 2) (10)

[40]

TOTAAL: 200

Kopiereg voorbehou